**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer: A558/2003

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **THE HOUSE OF TRUCKS (EDMS) BEPERK** | Appellant |
| en | |
| **DALEEN ALTA DE SWARDT** | Respondente |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | LOMBARD R, HATTINGH *et* KRUGER RR |
| **UITSPRAAK:** | LOMBARD R |
| **AANGEHOOR OP:** | 22 NOVEMBER 2004 |
| **GELEWER OP:** | 26 NOVEMBER 2004 |

---

Die respondente het as eiseres die appellant as verweerder in die Hof *a quo* vir skadevergoeding wat uit 'n koopkontrak tussen die partye voortgespruit het, aangespreek. Die Verhoorhof (Beckley, R.) het die respondente gelyk gegee. Die appellant kom nou met verlof van die Hof a quo in hoër beroep teen gemelde beslissing.

Daar sal voortaan na die partye, soos wat hulle in die Verhoorhof gesiteer was, verwys word.

Alhoewel daar verskeie aspekte deur die Verhoorhof oorweeg en beslis is, is die omvang van hierdie appèl uiters beperk. Dit is gemenesaak dat slegs twee vrae beslissing geverg het, te wete of daar 'n ooreenkoms (koopkontrak) tussen die partye tot stand gekom het en indien wel wat die terme van sodanige ooreenkoms was en in besonder of dit gevolgskade ingesluit het. Beide vrae is bevestigend beantwoord.

Dit is onbetwis dat te alle saaklike tye hierin die eiseres as 'n vervoerkontrakteur, (handeldrywende as Leeukop Produkte) sake te Parys gedoen het en dat haar eggenoot, Michael Arnoldus de Swardt (de Swardt) namens haar gedurende Februarie 2001 onderhandelinge vir die vervaardiging van twee stelle Interlink tenkwaens met ene Louis van den Berg (van den Berg) namens verweerder gevoer het.

De Swardt het getuig dat terwyl hy op 5 Februarie 2001 toevallig in

Johannesburg was hy te die persele van Scania tenkwaens gesien het wat deur die verweerder vervaardig word. Aangesien hul besigheid op daardie stadium besig was om in die petroleum-besigheid in te beweeg het hy vir Van den Berg wat hy vanweë vroeëre onderhandelinge goed geken het, getelefoneer en navraag gedoen oor die prys van twee stelle tenkwaens. Hy is meegedeel dat dit in die omgewing van R600 000,00 elk is maar dat hy vir hom 'n kwotasie sal laat kry.

Op 8 Februarie 2001 het v.d. Berg hom teruggeskakel en meegedeel dat die prys per tenkwa R512 000,00 plus BTW is en dat die tenkwaens 'n algehele waarborg van een jaar het. Volgens De Swardt het hy en Van den Berg daar en dan 'n koopkontrak vir die aankoop vir die twee tenkwaens gesluit.

Aangesien die huidige debat uitsluitlik rondom wat op 8 Februarie 2001 tussen Van den Berg en De Swardt gebeur het, wentel, is dit gebiedend om dit onder die vergrootglas te plaas. Uit vrese dat ek sy getuienis in hierdie verband mag verkeerd weergee, word dit wenslik geag om die volgende gedeeltes, veral tydens kruisondervraging, aan te haal:

"MNR. VAN DER MERWE: Daardie ding het hy vir u gesê

op dieselfde geleentheid van 8 Februarie, nie waar nie? – Dit is korrek. Hy het vir my gesê ek sal ‘n kwotasie ontvang, maar die koopkontrak wat ons mondelings op daardie stadium gesluit het, het ek as finaal ook aanvaar.”

(Notule p.153 reëls 21 – 24)

“MNR VAN DER MERWE: Wat het hy nou vir u gesê, luister ons praat nou so en so en so, maar Edwin Naude sal maar vir jou ‘n kwotasie gee, nie waar nie? -- Die kwotasie was ‘n beraming gewees op die bedrag van die tenkwaens en dit was nie ‘n finale bedrag gewees nie. Dit is waarvoor ek gewag het, vir daardie gedeelte van die kwotasie op die finale bedrag van die tenkwaens.

Daar is dalk nog ‘n ding wat uit die kwotasie of kom ek so sê. Die kwotasie sou mos ‘n skriftelike kwotasie wees, nie waar nie? --- Dit is korrek.
So toe julle op 8 Februarie klaar gepraat het, toe wag u nog vir Edwin Naude se skriftelike kwotasie. --- Dit is korrek.

En u het reeds gesê u het daardie skriftelike kwotasie inderdaad gekry. --- Dit is korrek.

Dit is die een van 28 Februarie wat in die stukke verskyn. --- Dit is korrek.”

(My onderstreping)
(Notule p.154 reëls 12 – 25)

“MNR VAN DER MERWE: En daardie kwotasie

was nodig sê u omdat <u>die prys nog nie vas was</u> nie, dit sou uit die kwotasie eers blyk wat die prys sou wees. – <u>Dit was irrelevant, die bedrag. Ek sou dit betaal het hetsy dit R600 000 gewees het, inderdaad was dit R512 000</u>.

Nee, maar dit is nie wat ek sê nie, dit is wat u gesê het. <u>U het gesê die skriftelike kwotasie was nodig omdat die bedrag nog onseker was of nie finaal vasgestel was nie. --- Dit is korrek</u>.

En wat meer is, die kwotasie sou ook die spesifikasies bevat. --- Korrek."

(My onderstreping)
(Notule p. 155 reëls 1 – 7)

In herverhoor het hy onder meer as volg getuig:

"MNR. DE BRUIN: Ek praat van die prys, R512 000 plus BTW? --- Ek dra nie kennis nie.

Op 5 Februarie het u mnr. Louis van den Berg gebel en gevra vir kwotasies. --- Dit is korrek.
Het hy ooit vir u 'n kwotasie met betrekking tot die prys gegee?
--- Slegs R600 000 plus-minus.

En het u ooit op enige stadium gehoor van R512 000 plus BTW?

--- Nie op daardie stadium nie.

Op watter stadium het u? -- Ek het eers na die 28ste.

> Waaroor het u en hy op 8 Februarie gepraat? --- Ons het gepraat oor die kontrak met die vervaardiging van die tenkers en hy het nie nog vir my daar 'n spesifieke prys gegee van R512000 nie."
>
> (Notule p. 189 reëls 20-25 en p. 190 reëls 1 – 5)

Uit bogemelde is dit duidelik dat:

a) Op 8 Februarie die koopsom nog onseker was en dat die skriftelike kwotasie die finale bedrag sou daarstel en;

b) Die finale bedrag (die kwotasie) deur van den Berg bepaal sou word.

Die vereistes vir 'n geldige koopkontrak is onder meer as volg uiteengesit:

> "A contract of sale is concluded as soon as the parties have agreed on the following three essential points, (a) that one person is to sell and the other to buy, (b) a defined and ascertained or ascertainable thing, (c) at a fixed or fixable price in money."

En:

> "(c) **Pretium**
>
> There must be a pretium or price, which must be:

i) ….

ii) Fixed in a definite sum, or fixable by a method or standard agreed upon by the parties; eg by counting, weighing, or measuring the things sold, or the seller's usual price, or the current market price, or the price paid by the seller, or the price to be fixed by a certain third person, but not, it seems, a 'reasonable price'."

Wille's **Principles of South African Law**, 8ste Uitg. – Hutchison, Van Heerden, Visser en Van der Merwe, p. 528 en p. 530;

Beck's **Theory and Principles of Pleading in Civil Actions**, 6de Uitg. (Daniels) op p. 266; en
**Kontraktereg en Handelsreg**, 5de Uitg., Vol. 1 – De Wet en Van Wyk, p. 314.

As met bogemelde in gedagte en veral die vereiste van die koopsom na die getuienis van De Swardt teruggekeer word (hy was die enigste getuie) is dit duidelik dat op 8 Februarie die koopprys nog nie finaal vasgestel was nie en dat dit eers deur Van den Berg se latere skriftelike kwotasie bepaal sou word m.a.w. verweerder sal die finale koopprys vasstel, ongeag die bedrag.

In hierdie verband is die volgende dictum deurslaggewend:

> "It is no doubt a general principle of the law of obligations that, when it depends entirely on the will of a party to an alleged contract to determine the extent of the prestation of either party, the purported contract is void for vagueness. Obvious examples of the application of the principles are afforded by the law of sale. If, for example, it is left to one of the parties to fix the price the contract is bad."

Per Hoexter AR in **MURRAY & ROBERTS CONSTRUCTION LTD v FINAT PROPERTIES (PTY) LTD 1991 (1) SA 508 (AD) op 514 G – H.**

In die lig van bogemelde is ek van oordeel dat die Verhoorhof fouteer het deur te bevind dat daar 'n geldige koopooreenkoms tussen die partye op 8 Februarie tot stand gekom het en moet die appèl slaag. Die korrekte bevinding sou myns insiens in al die omstandighede absolusie van die instansie gewees het.

Dit word terdeë besef dat daar nog verskeie aspekte hierin is wat streng gesproke aandag verg soos bv. wie eintlik die

kontrakterende partye was (inaggenome dat dit blykbaar deurgaans die bedoeling van die partye was dat van finansiering gebruik gemaak sou word) asook wanneer die koopsom betaalbaar sou wees. Vanweë my bevinding hierbo word dit onnodig geag om enigsins verder daarop in te gaan – insgelyks verval die tweede been van die Verhoorhof se bevinding aangaande die terme van die ooreenkoms tussen die partye ook outomaties.

Die enigste vraag wat oorbly is of die koste van twee advokate op appèl toegestaan behoort te word. Mnr. de Bruin, namens die eiser, het geen submissies daaromtrent gemaak nie en dit in die hande van die Hof gelaat. Na my oordeel het die omvang van hierdie appèl, alhoewel dit uiteindelik op 'n regspunt beslis is, die dienste van twee advokate regverdig.

In die omstandighede slaag die appèl met koste insluitende die koste van twee advokate en word die Verhoorhof se beslissing tersyde gestel en vervang met 'n bevel van absolusie van die instansie met koste.

**D.J. LOMBARD, R**

EK STEM SAAM:

______________________

**G.A. HATTINGH, R**

EK STEM SAAM:

___________________

**A. KRUGER, R**

Namens Appellant: Advokaat A.F. Jordaan S.C.
Bygestaan deur
Advokaat S.J.Reinders
i.o.v.
McIntyre en van der Post
BLOEMFONTEIN

Namens Respondente: Advokaat J.P. De Bruin S.C.
i.o.v.
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/ec